basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DANSSTUDIES

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 3.1 en VRAAG 3.2. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en neem kennis van wat vereis word.

5. Lees die AKSIEWERKWOORD by elke vraag om te sien wat vereis word.

   AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: identifiseer, verduidelik, stel voor, maak 'n lys, beveel aan, definieer, kies, skryf
   MEDIUMVLAK-VRAE: bespreek, verduidelik, brei uit, skep
   HOËVLAK-VRAE: evalueer, gee, bespreek, besin/reflekteer, ontleed, beskryf, staaf, skep

6. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

7. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:

   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar toepaslik

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 1: BESERINGS

Verwys na die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Aviwe het die afgelope twee weke vir 'n dansproduksie by die skool in 'n onveilige omgewing voorberei. Die repetisies was lank en uitputtend, en die onderwyser het haar tegniek voortdurend gekorrigeer. Aviwe het skerp spierpyn en inflammasie aan die voorkant van haar onderbene opgelet.

1.1 Identifiseer die moontlike besering in die scenario hierbo. (1)

1.2 Bespreek hoe die moontlike faktore wat in die scenario hierbo genoem is, tot die besering kon lei wat in VRAAG 1.1 geïdentifiseer is. (3)

1.3 Verduidelik hoe 'n behandelingsplan genesing van die bogenoemde besering kan aanmoedig. (5)

1.4 Bespreek die geestestoestand en fisiese impak wat die besering wat in VRAAG 1.1 geïdentifiseer is, op Aviwe se herstel kan hê. (6)
[15]

VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

2.1 Kies EEN woord/term uit die lys hieronder vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

kernstabiliteit; progressiewe oorlading; kardiorespiratoriese uithouvermoë; spierkrag; dinamiese strekking; statiese strekking

2.1.1 Die geleidelike toename in intensiteit met tyd om uitvoering te verbeter, staan bekend as ... (1)

2.1.2 Die vermoë van die hart en longe om tydens langdurige aktiwiteit suurstof te lewer, word ... genoem. (1)

2.1.3 'n Kombinasie van krag en spoed wat dansers in staat stel om eksplosiewe bewegings uit te voer, word ... genoem. (1)

2.1.4 Bewegings wat die liggaam opwarm deur gewrigte aktief deur hulle omvang van beweging te neem, word ... genoem. (1)

2.1.5 Om tydens beweging beheer oor die bolyf en pelvis te handhaaf, vereis goeie ... (1)

2.1.6 Om 'n strek vir 'n sekere tyd in een posisie te hou, staan bekend as ... (1)

2.2 Verduidelik hoe krag en soepelheid jou as 'n danser bevoordeel. (6)

2.3 Beantwoord die vrae hieronder met betrekking tot neuromuskulêre vaardighede.

2.3.1 Noem VIER neuromuskulêre vaardighede. (4)

2.3.2 Evalueer die verhouding tussen neuromuskulêre vaardighede en beseringsvoorkoming in dans. (4)
[20]

VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

LET WEL: Jy het 'n keuse tussen VRAAG 3.1 en VRAAG 3.2.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

3.1 Beantwoord die vrae hieronder met betrekking tot dans-stereotipes.

3.1.1 Maak 'n lys van VYF stereotipes oor dans. (5)

3.1.2 Gee 'n opinie oor hoe kulturele en/of sosiale verwagtinge dans-stereotipes kan beïnvloed. (5)

OF

3.2 Beantwoord die vrae hieronder wat met liggaamsbeeld verband hou.

3.2.1 Beveel VYF maniere aan waarop dansers hulle liggaamsbeeld kan verbeter. (5)

3.2.2 Bespreek die impak van sosiale media op 'n danser se liggaamsbeeld. (5)
[10]

VRAAG 4: DANSOPVOERING

4.1 Definieer *musikaliteit*. (2)

4.2 Beveel DRIE maniere aan om musikaliteit te ontwikkel. (3)

4.3 Verduidelik hoe waardes en/of houdings wat in Dansstudies geleer word, jou dansopvoering kan bevoordeel. (5)

4.4 Bespreek hoe die toepassing van veilige danstegniek(e) jou ondersteun het om vir jou finale praktiese eksamen vir Dansstudies voor te berei. (5)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Kies 'n definisie uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
5.1.1 Narratief	A 'n beginpunt vir 'n dansidee/ bewegingsuitdrukking
5.1.2 Stimulus	B 'n kombinasie van verskillende dansvorme/-style
5.1.3 Gebaar	C 'n tipe/kategorie gebaseer op eienskappe, vorm of styl
5.1.4 Genre	D alledaagse beweging wat 'n idee uitdruk
5.1.5 Samesmelting (Fusie)	E 'n danskomposisie-styl wat 'n storie vertel

(5 x 1) (5)

5.2 Bespreek hoe improvisasie kreatiwiteit ontwikkel. Staaf jou antwoord. (5)

5.3 Verwys na die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: https://i.pinimg.com/736x/e4/9e/ea/e49eea9d6c628c2c530b933125a15c41.jpg]

5.3.1 Identifiseer VYF choreografiese strukture en/of danselemente wat in die foto hierbo gebruik is. (5)

5.3.2 Verduidelik hoe ELK van die choreografiese strukture en/of danselemente wat in VRAAG 5.3.1 geïdentifiseer is, in die foto hierbo gebruik word. (5)

5.4 Besin/Reflekteer oor hoe jy choreografiese strukture en/of danselemente gebruik het om die tema van jou choreografie-PAT uit te beeld. (5)
[25]

VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 'n Kostuumontwerper in die dansbedryf is verantwoordelik vir die ...

A geldinsameling vir dansgeselskappe.
B beplanning van repetisies en verhoogplasing.
C skep van uitrustings wat beweging ondersteun en 'n tema weerspieël.
D regie van beligtingaanduidings en klankeffekte. (1)

6.1.2 Die hoofrol van 'n dansterapeut is om ...

A stelontwerpe vir 'n produksie te skep.
B mense te help om hulle welstand deur beweging te verbeter.
C kostuums vir dansproduksies te ontwerp.
D tydens produksies beligting- en klankaanduidings te bestuur. (1)

6.1.3 Watter dansverwante loopbaan behels aanduidings gee/voorsê van tegniese elemente vir 'n opvoering?

A Danser
B Danskritikus
C Verhoogbestuurder
D Kostuumontwerper (1)

6.1.4 'n Rol/Verantwoordelikheid van 'n kunstebestuurder is om ...

A studente in danstegniek en teorie af te rig.
B rehabilitasieplanne vir beseerde dansers aan te beveel.
C lewendige musiek vir opvoerings te dirigeer.
D opvoerings vir 'n dansgeselskap te bemark. (1)

6.1.5 Watter dansverwante loopbaan behels beplanning van die uitleg van die verhoog?

A Kostuumontwerper
B Danser
C Danskritikus
D Stelontwerper (1)

6.2 Brei uit oor die rolle/verantwoordelikhede en/of vaardighede van 'n danskritikus en 'n choreograaf. (2 x 4) (8)

6.3 Noem jou hoofdansvorm.

Ontleed hoe die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en eienskappe van jou hoofdansvorm met tyd evolueer/ontwikkel het. (12)
[25]

VRAAG 7: DANSWERK

Kies EEN danswerk wat jy uit die voorgeskrewe lys hieronder bestudeer het.

INTERNASIONALE CHOREOGRAWE	DANSWERKE
Alvin Ailey	*Revelations*
Christopher Bruce	*Ghost Dances*
George Balanchine	*Apollo*
Martha Graham	*Lamentation*

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE	DANSWERKE
Alfred Hinkel	*Bolero* **OF** *Cargo*
Gregory Maqoma	*Four Seasons* **OF** *Skeleton Dry*
Hazel Acosta	*Blood Wedding*
Mavis Becker	*Flamenco de Africa*
Sylvia Glasser	*Tranceformations*
Veronica Paeper	*Orpheus in the Underworld*
Vincent Mantsoe	*Gula Matari*


Noem die danswerk wat jy gekies het.

7.1 Skryf die sinopsis/tema/bedoeling van die voorgeskrewe danswerk neer. (4)

7.2 Bespreek hoe die produksie-elemente in die danswerk gebruik word om simboliese betekenis oor te dra. (10)

7.3 Verduidelik hoe die bewegingswoordeskat gebruik word om die tema/bedoeling van die danswerk te ondersteun. (6)

7.4 Ontleed die foto hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



[Bron: https://www.dezeen.com/2025/01/27/oaxaca-riverfront-red-stilts-entorno-contexto/]

Beskryf hoe jy die nie-konvensionele ruimte hierbo kan gebruik om die tema(s) van die voorgeskrewe danswerk te ondersteun. Staaf met voorbeelde. (5)
[25]

VRAAG 8: CHOREOGRAAF

Kies EEN choreograaf wat jy uit die voorgeskrewe lys hieronder bestudeer het.

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE	INTERNASIONALE CHOREOGRAWE
Alfred Hinkel	Alvin Ailey
Gregory Maqoma	Christopher Bruce
Hazel Acosta	George Balanchine
Mavis Becker	Martha Graham
Sylvia Glasser	
Veronica Paeper	
Vincent Mantsoe	

Noem die choreograaf wat jy gekies het.

Skep 'n breinkaart van die voorgeskrewe choreograaf en sluit die volgende in:

- Agtergrond
- Dansopleiding
- Professionele loopbaan
- Choreografiese eienskappe
- Bydrae tot die dansgemeenskap (12)

LET WEL: Gebruik 1–2 bladsye vir jou ontwerp. Jy hoef nie kleur in jou ontwerp te gebruik nie. (3)
[15]

TOTAAL AFDELING B: 90
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou